

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

MEI/JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ALGEMENE NASIENRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MTS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na – eers horisontaal en dan vertikaal.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- Waar byvoorbeeld verskil, kontras, ironie, hoe sluit dit aan gevra word, verdien die kandidaat EEN punt indien een kant van die saak korrek beantwoord is en TWEE punte indien beide kante gestel word.

VRAAG 1**TEKS A: HOE LAAT BEGIN MY SEPIE?**

[Verwerk uit Wikipedia, News24.com, Maroela media, e.a.]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Binnelanders</i> • <i>Suidooster</i> • <i>7de laan</i> • <i>Isidingo</i> (Enige TWEE) 	2
1.1.2	seepmaatskappye	1
1.2	Sepies ... <ul style="list-style-type: none"> • se storielyn ontwikkel (met die verloop van tyd). • kry gereeld nuwe karakters/se karakters kom en gaan. • het 'n oop einde/se episodes eindig met 'n probleem of geheim wat eers later opgelos word. • word vir 'n tydperk van 12-14 jaar/oor jare uitgesaai. • word in ateljees opgeneem. • spreek sosiale kwessies aan. • is gewild (onder oud en jonk). • het karakters met wie kykers kan identifiseer. • vermaak kykers. • verbeter kykers se taalvermoë. • laat kykers van hulle probleme vergeet. 	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
	<ul style="list-style-type: none"> het lewenslesse om uit te leer. se storielyne hou kykers nuuskierig/geïnteresseerd (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	
1.3	D/dit die eerste episode van 7de laan was.	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> Die woorde "sy glo"/"glo" dui aan dat Aggie so dink. Daar is geen bewyse/statistiek vir dit wat Aggie glo nie. Nie almal stem noodwendig saam met Aggie nie./Daar is mense wat van Aggie mag verskil. Nie almal dink dat 7de laan jou help om verskille en andersheid te aanvaar nie. Nie almal dink dat 7de laan altyd relevant was nie. Nie almal dink dat 7de laan hulle vermaak nie. Aanhaling: "Nobuhle Mimi Mahlasela, wat Aggie-Nwenya-Meintjies speel, sê sy glo dat 7de laan altyd relevant was." (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.5.1	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het nuwe woordeskat geleer./Dit het hulle woordeskat verbeter. Hulle het die korrekte uitspraak van woorde gehoor./Hulle het geleer hoe om woorde korrek/reg uit te spreek. Daar is Engelse subtitels wat hul woordeskat en gesproke Afrikaans help verbeter. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (Slegs die aanhaling "Hulle het na die Afrikaanse dialoog geluister en dan die Engelse subtitels gelees." verdien geen punte nie. Sou die aanhaling 'n inleidende sin wees wat tot die antwoord lei, word die punte toegeken.)	2
1.5.2	<ul style="list-style-type: none"> Zoeloe/(isi)Zulu Engels 	2
1.6	<ul style="list-style-type: none"> (Op) die Kaapse Vlakte/Kaap(stad) (In) 'n semi-privaat hoërskool (Enige EEN)	1
1.7	populêre	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> 'n Sepie word vir 'n tydperk van 12-14 jaar uitgesaai ✓ en 'n telenovelle tussen 12-18 maande. ✓/'n Sepie word oor jare en 'n telenovelle word oor maande uitgesaai. Wat in 'n sepie in 'n week/oor 'n paar episodes gebeur ✓, gebeur in 'n dag/een episode in 'n telenovelle. ✓ Sepies word in ateljees opgeneem ✓, terwyl telenovelles na verskillende ruimtes verskuif. ✓ (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2
1.9	(Op) kykNET (kanaal)	1
1.10.1	E/Skoolgaande kinders voel dat die inhoud van hierdie sepie by hulle eie lewens aansluit.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.10.2	C/Hierdie sepie wys watter invloed geld en beheer in mense se lewens speel.	1
1.10.3	A/In hierdie sepie spring die storie tussen hede en verlede om die intrige in karakters se lewens uit te beeld.	1
1.10.4	B/In hierdie sepie leer kykers meer omtrent die drama wat mense in hulle beroep kan ervaar.	1
1.11	<ul style="list-style-type: none"> In die titel word 'n vraag gevra ✓ en in paragraaf 11 word die rede vir die vraag gegee. ✓ In paragraaf 11 lees ons dat kykers hulle lewens en hulle aktiwiteite rondom hulle sepies beplan. ✓ Dis waarom die vraag in die titel sin maak./Dit gee die rede waarom mense die vraag vra wat in die titel staan. ✓ Die titel praat oor tyd (hoe laat begin my sepie?) ✓ en paragraaf 11 sê uitsaaityd, wat beteken hoe die kyker sy/haar aktiwiteite/tyd rondom sepies moet beplan. ✓ <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
1.12	<ul style="list-style-type: none"> Ek gaan nie meer kan onderskei tussen stories en werklikheid nie. Ek gaan nie meer tussen reg en verkeerd kan onderskei nie. Ek kan dalk dink alles wat in sepies gebeur is reg/ek kan ook so maak. Ek kan dink alle probleme word so maklik opgelos soos in die sepies. Ek kan dalk te veel tyd gebruik om sepies te kyk/ander take afskeep (voorbeelde soos skoolwerk, akademie, ens. kan genoem word). Ek kan 'n verkeerde beeld van die werklikheid kry. Dit kan my sedes en morele waardes/sosiale interaksie negatief beïnvloed. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die negatiewe gevolge waarna die kandidaat verwys, moet sinvol wees. Direkte aanhalings kan nie gebruik word nie en kandidaat kan nie net die sin uit die teks voltooi nie.)</i>	1
1.13	<p>Ek leer ...</p> <ul style="list-style-type: none"> dinge van sepies waarvan ek dalk glad nie geweet het nie. dat daar meer sepies is as dit waarna ek kyk. dat ek my taal kan verbeter as ek na sepies kyk. dat sepies my lewe kan oorneem as ek nie mooi beplan/versigtig is nie. dat ek nie alles moet glo wat in sepies gebeur nie. dat daar lewenslesse in sepies te leer is. van diversiteit. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie aanhalings nie.)</i>	1

TEKS B: SPOTPRENT[Verwerk uit *Die Burger*, 22 Desember 2022]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is 'n lessenaar/tafel/kantoortafel/werktafel in die agtergrond. • Daar is 'n lessenaarstoel/stoel/kantoorstoel by 'n lessenaar waar mense werk. • Daar is 'n man met 'n lêer/boek/papiere/blaaie onder sy arm. • Daar is 'n vrou met 'n aantekenbord in haar hand. • Daar is 'n man met 'n aktetas/werktas. • Daar is papiere wat rondwaai in die kantoor. • Die mense is formeel/mooi aangetrek/die mans het dasse aan/die vrouens het baadjies/werksklere aan. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
1.15.1	<p>Lyftaal: Gertjie/Hy staan net stil (met sy hand vraend in die lug), terwyl die ander karakters op en af spring/hande in die lug het/lyk of hulle opgewonde iewers heen loop/dit lyk of een van die dames baie opgewonde is oor die drankie/koffie in haar hand. ✓✓</p> <p>OF</p> <p>Gesigsuitdrukking: Gertjie/Hy lyk bek-af/verbaas/onseker/verslae/verward/nie so opgewonde soos die ander nie (sy oë is klein/lyk nie of hy glimlag nie), terwyl die ander karakters lag/glimlag/oë groot/toe van opgewondenheid. ✓✓</p> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate hoef nie lyftaal en gesigsuitdrukkinge in hulle antwoorde te noem nie; dit kan afgelei word. Indien net een kant van die verskil genoem word, verdien die kandidaat net een punt.)</i></p>	2
1.15.2	<ul style="list-style-type: none"> • Gertjie het meer belanggestel in die moontlike verhoging. • Gertjie is meer gefokus op werk as op kantoorpraatjies. • Gertjie het dalk nie (skoolgaande) kinders nie. • Gertjie voel nie dieselfde (as die ander kantoorpersoneel) oor sy kinders wat teruggaan skool toe nie. • Gertjie weet nie wat aangaan nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle is bly/verlig as hulle kinders teruggaan skool toe. • Hulle wil nie hulle kinders die heertyd by die huis hê nie. • Hulle is gelukkiger as hulle kinders iemand anders se probleem is/as iemand anders hulle kinders moet besig hou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 korrekte feite: 1 punt
 - 4–5 korrekte feite: 2 punte
 - 6–7 korrekte feite: 3 punte

(Indien selfs net één van die feite 'n direkte aanhaling is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel volgens die volgende kategorie.)
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
 - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
 - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
 - **Toegewing:** Indien die kandidaat slegs één korrekte feit gee en daardie feit is 'n direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die feit (aanhaling) en geen punte vir taal nie.

LET WEL:

- **Getal woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
 - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
 - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

VRAAG 2**TEKS C: DIE VOORDELE VAN LEES**[Verwerk uit www.thereadingclinic.co.za en www.naturalbeachliving.com]

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
<p>Dit is baie belangrik dat kinders goed moet kan lees. Lees is 'n lewenslange vaardigheid wat baie voordele vir jou inhou.</p> <p>Woorde is die boustene van 'n taal. Ons gebruik woorde om te sê wat ons wil sê. Lees help 'n mens om jou woordeskat uit te brei. Die ander sy hiervan is ook waar. Ons kommunikeer elke dag met mekaar. Mense wat baie lees, kan hulleself nie net beter uitdruk nie, maar verstaan ook beter wat ander sê.</p> <p>Lees gee meer vir jou terug as wat jy insit. Wanneer jy lees, moet jy fokus en dit verbeter jou konsentrasie. Lees en spelling gaan hand-aan-hand. Die een ontwikkel die ander. Deesdae is swak spelling die gevolg van SMS-taal en die feit dat ons nie genoeg lees nie. Ons kan ook nie regtig staatmaak op die speltoetsers op rekenaars nie. Lees gaan jou dus beslis help om jou spelling te verbeter.</p> <p>Ons almal wil graag 'n wye algemene kennis hê. Lees stimuleer dit, want hoe groter die verskeidenheid tekste wat 'n mens lees, hoe meer verbreed jou algemene kennis. Wanneer jy lees, neem jy alles in, soos mense en gebeure. Jy gebruik jou geheuespier hiervoor. Hoe meer jy hierdie spier gebruik, hoe beter is jou geheue. Lees help jou dus hiermee.</p> <p>Ons word elke dag aan baie elektroniese toestelle se klank en beweging blootgestel. Deur te lees, kry die brein die stilte wat ons nodig het in vandag se gejaagde lewe.</p>	<p>1</p> <p>2</p> <p>3</p> <p>4</p> <p>5</p> <p>6</p> <p>7</p>	<p>Lees brei jou woordeskat uit./Lees verbeter jou woordeskat.</p> <p>Lees help jou om (beter) te kommunikeer./Lees help jou met kommunikasievaardighede./Lees help om jouself beter uit te druk./Lees help jou om ander beter te verstaan.</p> <p>Lees help jou om (beter) te konsentreer./Lees verbeter jou konsentrasievermoë.</p> <p>Lees verbeter jou spelling/spelvermoë./Lees help jou om (beter) te spel.</p> <p>Lees brei jou algemene kennis uit./As jy baie verskillende tekste lees, sal jou algemene kennis beter wees.</p> <p>Lees verbeter jou geheue./Lees help jou om (beter) te onthou/'n beter geheue te ontwikkel./Lees versterk jou geheuespier.</p> <p>Lees gee vir jou brein tyd om stil te wees./Lees bring die nodige stilte wat jou brein nodig het.</p> <p>(41/63 woorde)</p>

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL
ALGEMENE NASIENRIGLYNE

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepeenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
 - Aanvaar fonetiese spelling van woorde waar (*sp*) nie as vereiste aangedui is nie. Indien die fonetiese spelling die sinsbetekenis verander, word dit nie aanvaar nie.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3: ADVERTENSIE
TEKS D:

[Verwerk uit [google images](#)]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die groot/donker opskrif/donker letters • Verskillende lettertipes/fonte • Verskillende lettergroottes • Die aanbod in die vorm van 'n ster • Sekere woorde in hoofletters/vetdruk (bv. GRATIS) • Die N in die plek van gewone kolpunte • Die uitleg/inligting wat kort en bondig genoem word • Inligting wat amper puntsgewys uiteengesit is • Die uitroepteken <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
3.2	buitengewone (<i>sp</i>)	1
3.3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik dit op 10 verskillende toestelle. • Gebruik dit op 10 verskillende toestelle! • Jy moet dit op 10 verskillende toestelle gebruik. • Jy moet dit op 10 verskillende toestelle gebruik! <i>(Enige EEN)</i>	1
3.4	emotiewe taal	1
3.5.1	effektief	1
3.5.2	voordele	1
3.5.3	oorreed	1
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • "jy" • jy • Aanhaling waar "jy" uitgelig is. <i>(Enige EEN)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.7	<ul style="list-style-type: none"> Die kontakbesonderhede Waar die inligting beskikbaar is/Webadres/Webwerf Die datum/tydperk wanneer die aanbod sluit Die adverteerder sê nie of dit R550 per maand of per jaar is nie. Die prys van die gewone premie (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT TEKS E

[Verwerk uit pinterest.com]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Waarna/waarna	1
4.2	<ul style="list-style-type: none"> Garfield se woorde staan in 'n denk-/dinkborrel. Gedagtes staan gewoonlik in 'n wolkie. Woorde/dialog het gewoonlik 'n skerp punt wat na die spreker wys, nie borrels nie. Garfield se mond is nie oop nie. Ons kan nie sien dat hy praat nie. Die lugblasies wys na sy kop (soos iemand wat dink). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
4.3.1	<ul style="list-style-type: none"> Hy gee nie aandag nie. Hy fokus/kyk nie regtig (op die) TV nie. Hy stel nie belang in die program nie. Hy wil nie nou dink/praat/antwoord/gestuur wees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
4.3.2	<ul style="list-style-type: none"> In RAAMPIE 3 gee hy voor dat hy TV kyk. In RAAMPIE 3 reageer hy anders as wat 'n mens gedink het/is hy sommer kwaai. In RAAMPIE 3 is hy geïrriteerd/wil nie gepla word nie. In RAAMPIE 3 verskil sy gedagtes/het hy 'n beter antwoord/dink hy ander woorde. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
4.4	ongeduldig raak met Garfield	1
4.5.1	geïrriteerd raak	1
4.5.2	<ul style="list-style-type: none"> Garfield se kop is (nou) (weg)gedraai. Sy oë is op skrefies/lyk soos 'n V-vorm/is groot. Dit lyk of hy frons. Hy druk hard met sy pootjies op die armleunings. Dit lyk of hy grom/kwaai is./Garfield se snor/snorbaard lyk anders/sy mondhoeke trek na onder. Hy kyk hom lelik/vuil aan. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.5.1 moet korrek wees om die punt(e) by VRAAG 4.5.2 te verdien.) 	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.6	Garfield sê dat hy TV kyk . (Die hele sin moet korrek wees.)	1
4.7	D/die humor in situasies tussen troeteldier en mens te wys.	1
		[10]

VRAAG 5.1**TEKS F: GENIET ONS MOOI LAND**

[Eie teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	<ul style="list-style-type: none"> Die meeste mense eet graag kerrie en rys. (kossoort) Die brood rys mooi. (funksie) My hare rys as ek dit hoor. (funksie) Die son rys in die ooste. (funksie) Die vraag rys oor wat hy weet. (beteken ontstaan) (Enige EEN van bogenoemde of enige ander sin waar die ander betekenis van rys duidelik is.)	1
5.1.2	wêreld (sp)	1
5.1.3	opwindende	1
5.1.4	toeristeplekke (sp)	1
5.1.5	pro-vin-sies of pro+vin+sies of pro/vin/sies (Aanvaar enige korrekte manier van verdeling)	1
5.1.6	met	1
5.1.7	dorpies (sp)	1
5.1.8	Aangesien daar baie olifante is , is daar ook baie miskruiers wat die mis verwerk. (Let wel: Die kandidaat verdien 1 punt vir die woordorde – twee werkwoorde wat geskuif het – en 1 punt vir die komma wat op die korrekte plek is.)	2
5.1.9	Besoekers word (deur die Park) gevra om hulle nie raak te ry nie. (Die hele sin moet korrek wees.)	1
5.1.10	sonsondergang (sp)	1
5.1.11	Aug. (sp)	1
5.1.12	toerisme/toere	1
5.1.13	Dit beteken weer /opnuut/nog 'n keer/om iets oor te doen.	1

VRAAG 5.2		
TEKS G: PRENT		
[Bron: images.google.com]		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	groente	1
5.2.2	familie/gesin (Aanvaar fonetiese spelling as korrek)	1
5.2.3	Die seuntjie sal/gaan sy kos vir die hond gee . (Die hele sin moet korrek wees.)	1
5.2.4	spekvet/blinkvet/moddervet (sp)	1
5.2.5	gekookte (sp)	1
5.2.6	Ma is besig om haar kos te eet. (Die hele sin moet korrek wees.)	1
		[20]
	TOTAAL AFDELING C:	40
	GROOTTOTAAL:	80